Dinsdag 29 September
Skrifgedeelte: Openbaring 12:18 – 13:10
Fokusgedeelte: Openbaring 13:8
Harde kontaksport, maar die oorwinning is verseker

Die duiwel is oorwin en tog spartel hy en sy bose trawante op aarde met woede om te verlei, te vernietig, stukkend te maak. Die werklikheid van die bose aanslag beleef ons in die tye waarin ons leef. Dit voel soms of daar meer dinge skeefloop as regloop in hierdie stukkende wêreld. Alles is inderdaad nie net maanskyn en rose nie. Dier uit die see (vs 1 ev) dui waarskynlik op die Romeinse owerheid wat die kerk van Christus vervolg het in die tyd toe Openbaring geskryf is. Dit dui egter ook op die antichris wat wil vernietig en verlei. Die tien horings met die heersingskrone dui op die mag wat hy wel het en verkry. Die genesing van die wond dui op wonderdade wat hy kan verrig. Die aanslag is wreed en werklik.

Ons beleef die kontak van die bose naby, en in ons leefwêreld. Maar dan lees ons dat die ware gelowiges getrou bly, hulle wie se name in die boek van die Lam staan, sal nie buig en die dier uit die see aanbid nie (vs 8). Daar is dus oorwinning te midde van die aanslag. Wanneer jy glo in Jesus Christus, kan jy weet dat hierdie oorwinning en volharding ook vir jou daar is deur die werking van die Gees. Ons word nie bepaal die die verwardheid van ons tyd, die aanslag van die bose of die intensiteit van die misleiding nie. Ons word bepaal deur Christus wat die bose oorwin het. In sy Naam kan ons staan en leef.

*Sing: Psalm 48-1:1, 5*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*